
DIE SWART LUIPERD
No. 26.
Fees van die Kopbeen.
braam le roux

Die Swart Luiperd probeer weer opstaan. Hy slaag daarin en vang dan 'n boomstam hier by hom vas. Daar is krag in die gladde, slymerige kronkel van die slang. Hy probeer die Luiperdman terugslinger grond toe, maar met al sy beskikbare krag hou Leon aan daardie boomstam vas en trek homself nou tot teenaan die skurwe bas. Onder sy masker biggel die sweet langs sy wange af. Hy sukkel en steun om sy jagmes by te kom. Hier onder sy bors swel en beweeg die groen massa en telkens voel hy hoe dat die kronkels eers stywer trek en dan trag om die Luiperdman grond toe te pluk, maar Leon span al sy kragte in en slaag daarin om homself regop te hou.

Stofomslag: Chris du Plooy



INHOUD


| Hoofstuk | | Bladsy |
| --- | --- | --- |
| 1. | Die Eenoog-Verskrikking | 3 |
| 2. | Die Vreemde Spoor | 17 |
| 3. | Die Kruipende Dood | 31 |
| 4. | Bloedspoor in die Bos | 44 |
| 5. | Fees van die Riviermense | 57 |
| 6. | Fees van die Kopbeen | 70 |
| 7. | Die Watermonster | 84 |


Hoofstuk 1

## DIE EENOOG-VERSKRIKKING

,,Leon, hoe oud was Spikkels?'' vra klein Bennie Fouché terwyl hy en Leon in die veld tussen die Afrikanertroppe deurstap. Leon Fouché, alias die Luiperdman, kyk af na sy sesjarige seuntjie wat hier langs hom draf. Van kleins af noem Bennie hom net eenvoudig Leon. Bennie sien sy vader maar min, want soms gaan Leon Fouché alleen die bosse en die oerwoude van die wêreld in en dan moet Bennie en Sonet Fouché Leon se vrou, natuurlik tuis bly. Daar is egter ook tye dat Sonet, Bennie en Leon saam in die bosse verkeer, en terwyl Leon nou na sy seuntjie afkyk, dink hy onwillekeurig aan die dag toe Bennie in die Oos-Afrikaanse woude sy, Leon, se lewe gered het. Ja, was daar nie daardie dag 'n vierjarige Bennie nie, dan was daar vandag nie meer 'n Swart Luiperd nie.

,,Spikkels was sestien jaar, Bennie, en was dit nie vir daardie Afrikanerbul nie, sou die ou tierwyfie seker twintig gehaal het,'' antwoord die Luiperdman met 'n glimlag.

Bennie is sy ewebeeld. . . dieselfde bruin-swart hare, die deurpriemende oë en die fier houding, al is hy nog so jonk. Bennie draf hier langs Leon met kaal bolyf, net soos sy vader langs hom. Die oggendson is glad nie so fel nie en die bosveldhitte is draaglik. Die seuntjie se oë rus 'n oomblik op die trilling van die spiere op sy vader se bo-en voorarms, die breë skouers en die vel met sy gesonde, bruinerige tint.

Die Swart Luiperd dra nie sy gebruiklike swart tiermasker en mondering nie. Die luiperdmasker is net vir die tye wanneer hy die donker woude van Afrika dwaal op soek na avontuur, wanneer hy die verskrikking van opstandige inboorlinge is en die vrees van menige wilde dier. In die oerwoud is die Luiperdman 'n legende, 'n

legende waaraan die inboorlinge, die primitiewes van Afrika, so vas glo soos wat hulle aan die opkoms van die son glo. Vir hulle is die Luiperdman die onsterflike Bosgees, wat in die oerwoud geleef en geswerf het, nog voordat die son met die maan getroud was.

Maar ná vele omswerwinge is die oerwoud vir die luiperdman ook nie meer wat dit was nie. Leon is nou reeds drie maande op sy beesplaas in die noorde van Transvaal waar hy af en toe kom rus wanneer die drang na die ongerepte dinge in die natuur nie so hewig en fel in hom roer nie. Die oerwoud is deesdae ook al te veel die ontspanningsoord van jagters, rolprentgeselskappe en fortuinsoekers. Byna elke dag is daar vir die Luiperdman 'n brief in die pos. Dan is dit die een of ander ryke of avonturier wat hom soebat om die een of ander jagekspedisie te lei. Maar Leon hou glad nie van hierdie jagekspedisies nie. Hulle gaan gewoonlik om dood te maak. En van die rolprentgeselskappe hou hy ewe min, want hulle laat hom meermale dink aan 'n klompie verpotte harlekyne, veral as 'n leeu op hulle afstorm. Ekspedisies waarvan hy veel meer hou, is die wetenskaplike ekspedisies. Van hierdie mense hou hy veel meer en hy het al etlike geleerdes na onbekende, haas onbereikbare oorde in die woud gelei. Af en toe gebeur dit ook dat die bevriende inboorlinge van die woude van Afrika of die owerheid in Oos-Afrika hom uitnooi om hulle te help wanneer hulle te veel lastig geval word deur fortuinjagters. Leon hou daarvan om op hierdie soort mense in die oerwoud jag te maak, want in sy dertig jaar het hy geleer dat die fortuinmalles van die laagstes in die wêreld is, persone wat die mooi dinge in die lewe verafsku. Vir dier en mens is dit beter dat hierdie tipes van die aarde afgevee word.

Die Luiperdman is so diep ingedagte dat hy nie sy seuntjie se herhaalde vrae hoor nie.

,,Leon, hoekom is Spikkels dood? En. . en hoekom leef Simson nog?''

,,Hoe sê jy, Bennie?''





,,Leon luister nie,'' verwyt Bennie met 'n tuitmondjie.

,,As jy jou vraag weer stel, sal ek luister,'' bemoedig die atleties geboude figuur hier langs Bennie.

Kortasem herhaal Bennie sy vraag.

,,Spikkels is dood omdat die bul haar met sy horings deurboor het. Sy was al te oud om vinnig pad te gee, Bennie.''

,,Maar Simson is ook oud en hoekom is hy nie dood nie? Hoekom het die bul hom nie gestoot nie?''

Leon lag en buk by sy seunjie sodat die knapie vas in sy blou kykers kan staar.

,,Omdat, Bennie, Spikkels toevallig in Kwaaiman se pad was en Simson nie. Simson is ook nie meer so jonk nie en daarom bly hy van vandag af by die huis en leef van genadebrood totdat hy ook dood is.''

,,En hulle twee kleintjies, Leon. . . Spikkels en Simson s'n?''

,,Hulle is nie meer kleintjies nie, Bennie. Hulle is groot en uitgegroei. Jy sien mos dat hulle net wil jag. Hulle is op hierdie oomblik in die bosse. Dit sal my nie verbaas as hulle nou-nou met 'n yslike koedoe hier aankom nie. Hulle is lus vir die oerwoud, Bennie, en ek voel al lus om hulle saam te neem op my volgende swerftog.''

,,Hoekom is hulle name ook Spikkels en Simson?''

,,Omdat Simson en Spikkels hulle pa en ma is.''

,,En ek is jou kind, Leon. Hoekom is my naam nie Leon nie?''

Leon kom orent en glimlag terwyl hy sy skouers ophaal.

,,Jou vrae word al ingewikkeld, Bennie. Kom ons gaan ou Donker 'n bietjie roskam.''

Leon Fouché draai dadelik huis toe. Hy kan Sonet op die agterstoep met 'n skinkbord koffie sien staan. Sy wink vir hom dat hulle moet kom. Nou gee Leon sulke vinnige, lang treë sodat sy seuntjie moet nael om by te bly.

,,Is Donker ook al oud, Leon?''

,,Donker is al twintig, my seuntjie, en daarom versorg ek die ou

bulperd so sorgvuldig. Hy het baie edel werk agter sy rug. Die hings wat nou groot is, is sy seun en wanneer ek weer oerwoud toe gaan, gaan die nuwe Spikkels, die nuwe Simson en die nuwe Donker saam met my. En moet my nou net nie vra waarom die jong hings se naam ook Donker is nie, Bennie," kom dit vinnig van Leon, maar Bennie is by met 'n verrassing:

,,As ek twintig is, Leon, sal ek dan ook genadebrood eet?"

Leon skater dit uit van die lag.

,,Nee, Bennie, dan is jy op die beste van jou jare en sterker as ek. Dan sal jy mý op genadebrood moet laat leef, want dan sal ék oud wees."

,,Maar ek sal Leon darem nie in 'n stal sit nie."

,,My genugtig, ek hoop nie so nie."

,,Wanneer gaan Leon weer oerwoud toe?" vra die seuntjie weer en nou moet hy hardloop om by te bly, want ook Leon het oorgeslaan na 'n drafstappie.

,,Sodra daar iets gebeur wat die moeite werd is, Bennie. En voordat jy dít ook weer vra—jy kan nie saamgaan nie. Jy moet skool toe."

,,Ek weet, maar eendag sal ek alleen gaan, net wanneer Leon met sy genadebrood by die huis moet bly."

Ook Bennie geniet sy eie grap. Hulle is nou by die agterstoep waar die son op Sonet se blink-swart hare speel.

,,Waar dwaal julle weer rond, Leon? Hoekom trek jy nie vir die kind 'n hemp aan nie? Brand die son julle nie dood nie?"

,,Moenie jy ook met vra begin nie, Sonet. Bennie vra genoeg onmoontlikes."

Hy neem die koffie by haar en sink neer in 'n leunstoel op die stoep. Bennie gaan sit plat in die hoek en Sonet gaan op die muurtjie van die stoep plaasneem. 'n Oomblik drink hulle die koffie in stilte.

,,Die ou plaas is darem maar wonderlik, Leon," laat sy vrou hoor.





,,Dit is, Sonet."

,,Maar soms verlang ek na die oerwoud. Deesdae voel ek lus om te reis, nuwe wêrelde te besoek."

Dit is weer Sonet en Leon kyk verbaas op. Haar oë kyk na die weste waar die bosse op die horison saamdrom.

,,Het die wanderlust-gogga jou ook gebyt, Sonet?"

,,Hy het my al lankal gebyt en as ek nie ook avontuur in my bloed gehad het nie, sou ek nooit met jou kon getrou het nie. Die bosse roep my al weer."

Leon lag sag, maar hy kyk nie weg van sy vrou af nie. Hy weet dat sy ernstig is.

'n Ruk lank is elkeen met sy eie gedagtes besig. Die jong swart hings, trotse nasaat van die moedige perd Donker, runnik daar by die draad en staar met gespitste ore na die stoep waar sy baas sit. Hierdie jong, nuwe Donker is al goed geleer, net soos die twee jong tiers, Spikkels en Simson, wat vanoggend ver jag. Die drie is voorwaar waardige opvolgers van hul voorsate.

,,Leon, hoekom neem jy nie die aanbod van Ricardo Barossa aan nie? Daar het weer 'n brief van hom aangekom. Roux se swarte het dit hiernatoe gebring. Hy was gister in dorp toe. Dit is die enigste brief."

Leon staan van die stoel af op.

,,Dit is al die derde brief. Ek sal hom moet beantwoord. Nee, Sonet, ek wil nie sy aanbod aanneem nie. Ek hou nie van Ricardo nie, al het ek hom nog nooit ontmoet nie. Hy is van die fortuinsoeker soort—die gespuis wat die onbekende oerwoude besoek op jag na lewende mense en na diere wat vir hulle rykdomme kan meebring."

,,Ek dink jy oordeel verkeerd, Leon. Lees hierdie brief."

Sy haal die brief onder haar voorskoot uit, hou dit na Leon toe uit.

,,Jy het hom dus al klaar bestudeer? Ricardo se briewe krap jou om. Dit is waarom jy dinge in jou kop kry."

Leon neem die brief by sy vrou en vou die velletjie papier oop. Hy kan die handskrif nouliks ontsyfer.

,,My vorige twee briewe het jy nog nie beantwoord nie. Ek is haastig om te weet of jy hierdie ekspedisie met my wil meemaak. Dit beloof volop avonture en geld. Ek is oortuig daarvan dat jy, wat bekend staan as 'n wilde man en hartstogtelike liefhebber van ongerepte natuur, nie besef watter gulde kans jy deur jou vingers laat glip as jy hierdie aanbod versmaai nie. Ek ken die wêreld en ek het nie 'n gids nodig nie, maar jy is 'n legendariese figuur wat veral gaan help om die wilde rasse van die Boliviaanse woude te help tem. As jy bereid is om my te spreek oor hierdie aangeleentheid, telegrafeer dan na die hotel in Pietersburg en ons kan 'n spoedige afspraak reël. Ek waarborg R4,000 vooruit en nog R6,000 wanneer ons die stad van Woera bereik het.''

Die brief is geteken deur Ricardo Barossa, 'n krapperige naamtekening wat Leon reeds goed ken. Hy vou die brief toe en staar na die noorde.

,,Wat sê jy, Leon?'' kom dit pleitend van Sonet.

,,Nee, wat, Sonet. Hy is te vaag oor alles. Ek kan net uit sy briewe aflei dat hy van plan is om 'n stad wat Woera heet, in Boliva, Suid-Amerika, te bereik. Ek stel belang in die woude van Bolivia. Ek was nog nooit daar nie, maar sy doel is duidelik. Hierdie Woera-stad is een teen tien 'n Inkaruïne, oorblyfsel van 'n ou stad uit die dae van die primitiewe Rooihuide. Daar is vermoedelik skatte wat hy wil bereik, daarom bied hy sulke groot geld aan. Ek stel nie belang in die koorsagtige reise van fortuinsoekers nie.''

,,Maar hoekom gaan sien jy hom nie maar nie; bespreek die aangeleentheid. Hy meld in sy briewe niks van 'n skat nie.''

,,Maar hy praat darem van geld,'' kap Leon terug.

,,Geld vir jou dienste, ja. Jy neem vergoeding aan van jagters wanneer jy hulle vergesel en ook van wetenskaplike ekspedisies.''

Leon antwoord nie.





,,Ek gaan nou vir hom skryf, Sonet. Ek gaan net kortaf wees. ,Nee'. . . en van nou af is dit ,nee' vir alle jagters en fortuinmalles.''

Leon stap by die agterdeur in en 'n oomblik is Sonet bewus van die spel van sy spiere oor sy skouers en rug.

Skielik runnik die jonger Donker weer hard en op daardie oomblik spring klein Bennie orent en staar op in die dynserigheid van die lug. Die seuntjie is al geoefen om die geringste vreemde geluid op te vang.

,,Daar is hy, Sonet—'n vliegtuig. . . 'n vliegtuig!''

Bennie juig van opgewondenheid en storm by die trappe af. Hy spring mal in die lug en waai met sy hande. Hy sien skielik hoe die trop rooi Afrikaners langs die draad skrik en bosse toe vlug. Hy weet egter dadelik dat dit nie die gedreun van die vliegtuig is wat hulle op loop jaag nie. Daar moet iets anders wees. Hy kyk vlugtig in hul rigting en sien dan die twee sluipende jong tiers. Die jong mannetjie met sy groot kop en sterk pote, uitgeknip sy pa, sleep 'n half gevrete koedoe agter hom aan. Vir Bennie is hierdie 'n alledaagse prentjie en hy kyk nie eens tweemaal daarna nie.

Sonet staan nog steeds op die agterstoep en sy hou ook die vliegtuig dop wat nou 'n wye sirkel gooi en laer daal.

,,Sonet. . . Sonet, daar is 'n mannetjie in! Hy het vir my gewaai! Hy gaan sit, Sonet! hy gaan sit!''

Bennie se blye, opgewonde krete is luid. Dit weerklink oor die plaas.

,,Jy is glad verspot. Waaroor sal die ding hier kom sit?'' sê Sonet.

Die vliegtuig dreun skielik harder en dan sien Sonet hoe die gevaarte op die huis afduik. Die vliegtuig is laag bo die grond en dit lyk of daardie wiele die nok van die dak gaan raak. Sonet skrik effens en dan sien sy iemand wat ver by die voorste kajuit uitleun en vir haar wuif. Bennie gaan nou eens so erg te kere. Rakelings mis die wiele van die vliegtuig die boomtoppe en die jong perd skop hoog agterop en vlug tussen die naaste doringbome in.

Die vliegtuig draai weer en toe dit skuins voor Sonet verbyvlieg, kan sy sien dat die man in die voorste kajuit nog steeds vir haar wuif. Hy het geen hoed of vliegtuigpet op nie en sy hare waai woes in die wind. Dit is duidelik dat die man iets probeer beduie. Behalwe die wuiwende man met die verwaaide hare, is daar nog twee in die agterste kajuit, wat vas teen mekaar sit en blykbaar bang is.

Die vliegtuig gooi weer 'n draai en dan is dit ineens vir Sonet duidelik dat dit hierdie keer nog laer vlieg. Die vliegtuig is gewis en seker in die moeilikheid. Dit lyk kompleet of hy hom gereed maak om te gaan sit. Sonet kan sien dat die masjien nou ook veel stadiger vlieg.

Leon het nou ook weer op die stoep verskyn en hy is net betyds om die vliegtuig rakelings by die huis verby te sien swiep. Dit dreun maar ongeveer drie tree bokant Bennie se kop verby en toe dit honderd tree aan die huis verby is, kan Leon sien dat dit vinnig sak en gereed lyk om te gaan sit. Net langs die huis is daar 'n plat stuk grond waar daar geen bossie of doringboom groei nie. Dit is nou duidelik dat die loods nie van plan is om daardie vliegtuigsnoet weer te lig nie, of miskien is hy nie in staat om die ding weer te lig nie. Miskien is iets met die kontrole verkeerd.

Leon spring oor die stoepmuurtjie net toe die vliegtuigwiele met 'n lawaai die aarde raak. Stof word omhoog geskop en die gedreun van die vliegtuigmotor neem af. Dit gee nou sulke kort, rukkerige geluide.

Bennie skiet vorentoe. Hy is reeds by die hek uit. Sonet hardloop agterna.

Die vliegtuig draai skuins en met 'n laaste dreungeluid en 'n laaste draai van die skroef, kom dit tot stilstand. Ineens is dit vir Leon duidelik dat die vliegtuig 'n noodlanding moes maak. Die loods met die verwaaide hare spring reeds uit die vliegtuig en die ander twee mans sukkel orent in die nou kajuit.

Bennie is reeds by die loods en hy staan kordaat voor die groot man met sy verwaaide kuif.





,,Ek het geweet julle gaan sit, Omie. Kan ek maar op jou vliegtuig ry?'' vra hy uitasem en opgewonde.

Die loods tel hom op en dra hom vliegtuig toe. Hy sit hom in die loodskajuit en begin net so uitbundig lag soos klein Bennie.

Leon kom nou vinnig nader. Die twee ander mans bly langs mekaar staan en hulle is albei baie netjies geklee. Sonet wag totdat Leon by haar is, en dan stap hulle die twee mans tegemoet.

Toe Leon tien tree van die twee mans is, herken hy die een. Dit is niemand anders as die bankbestuurder op Pietersburg nie. Hy glimlag reeds toe hy Leon sien. Hy is 'n vet man met ruie ooghare.

,,Gegroet, Luiperdman!''

,,Dag, mnr. Steyn. . . Het julle brandstof opgeraak?''

Steyn steek sy hand uit en gee Leon 'n stywe handdruk.

,,Glad nie. Ons kom vir jou kuier, Leon. Hier is iemand wat jou dringend wil spreek—so dringend dat ons 'n vliegtuig moes huur.''

Die eerste keer kyk Leon die lenige man hier langs hom aan. Die persoon is effens soel van vel, met lewendige swart oë wat op Leon gerig is. Die man se voorkoms lyk statig, aristokraties. Hy is ongeveer 1,9 meter lank met 'n krom neus wat taamlik prominent is. Die swart baard aan sy ken, kortgeknip en fyntjies, versterk Leon se indruk nog verder dat die man van aristokratiese afkoms is.

Die soel man met die swart bokkiebaard glimlag. Hy begin in Afrikaans praat.

,,Ek het kom kyk waaroor jy nie my briewe beantwoord nie,'' kondig hy goedig aan.

Leon hou van die man met die wakker blik in sy oë, hoewel daardie oë vas in joune kyk, soos die groen oë van 'n reuse-luislang wat trag om jou vas te trek.

,,Dit is Ricardo Barossa, een van my kliënte, Leon. Hy het daarop gestaan dat ek saam moes kom op hierdie kort rit,'' sê Steyn.

Leon kyk vinnig na Sonet wat vir hom glimlag.